

# PV-TEORETIESE VRAESTEL 2018

## ***Datum***

Die teoretiese vraestel word geskryf op **16 April 2018** in verskillende sentrums soos gereël deur die onderskeie Gebiedsdagbesture.

In geval van onvoorsiene omstandighede (bv. siekte of dood), kan 'n aansoek vir 'n spesiale eksamen, met die nodige stawende dokumente, gerig word aan die Adjunkgebiedsleier Verkennersake.

## ***Aanlyn of Skriftelik***

Die vraestel kan aanlyn of skriftelik afgelê word. Daar sal vooraf met die verkenners gereël word, by watter rekenaarsentrums die vraestel aanlyn afgelê kan word. In afgeleë gebiede sal spesifieke reëlings met verkenners getref word wat die vraestel aanlyn wil aflê. Die aanlyn- en skriftelike vraestel se inhoud is **presies** dieselfde. Die aanlynvraestel se uitslae sal dadelik, na voltooiing van die vraestel, vir die verkenner beskikbaar wees. Verkenners wat die vraestel aanlyn gaan doen, sal voor die tyd 'n geleentheid kry om 'n toetsvraestel te doen. 'n Spesifieke datum en tyd vir die toetsvraestel sal aan die verkenner gekommunikeer word. 'n Skakel na 'n webblad met inligting oor die vraestel, vorige vraestelle, hulpmiddels en die toetsvraestel, sal aan die verkenner gestuur word.

## ***Spesiale behoeftes***

Verkenners met spesiale behoeftes, waarvoor die skool addisionele tyd of alternatiewe evalueringmetodes (bv. mondelinge teoretiese evaluering) vir die beantwoording van teoretiese evaluering toelaat, moet reeds tydens inskrywing aansoek doen hiervoor. So 'n aansoek moet vergesel wees van 'n sertifikaat/brief van die betrokke skool waarin aangedui word hoe die Verkenner in soortgelyke teoretiese evaluering evalueer word.

## ***Teoretiese werk***

Die Verkenner moet 'n minimum van 50% in die teoretiese vraestel behaal om na die Presidentsverkenner Afrondingskamp genooi te word. Die vraestel is opgestel uit:

1. Verkennerlewe 2006
2. Erratum ([www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur/Verkenners](http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur/Verkenners))
3. Aktuele sake van die jaar.

## **Samestelling PV-vraestel 2018**

Die PV-vraestel bestaan uit twee afdelings, naamlik A en B.

Die tydsduur van die vraestel is 2 ure.

- \* Afdeling A – 120 punte.
- \* Afdeling B – besprekingspunt vir Afrondingskamp

### **Afdeling A bestaan uit die volgende tipe vrae**

- 1) **Multikeuse:** Kies die regte antwoord.
- 2) **Multikeuse:** Kies die regte antwoord of antwoorde.  
Let daarop dat hier een of meer antwoorde korrek kan wees. Die puntetelling is **NIE NOODWENDIG** 'n aanduiding van hoeveel antwoorde korrek is nie.
- 3) **Waar/Vals**
- 4) **Pas die beskrywing by die korrekte term**
- 5) **Invul:** Hier is dit belangrik dat 'n seker aantal antwoorde vir die aanlynvrae as korrek gegee word. Kom ons veronderstel die korrekte antwoord wat jy moet insleutel is Voortrekkerkode. Die volgende opsies sal as antwoorde korrek aanvaar word: Voortrekkerkode, Voortrekker kode, Voortrekker koode, Voortrekkerkoode. Indien jy dus Voortrekkercode sou insleutel sal dit nie korrek wees nie. Dit maak nie saak of die antwoord in hoof- of kleinletters ingesleutel word nie. Vertoë kan egter na die tyd gerig word om na vrae te kyk waar foutiewe spelling nie reg nagesien word nie.

### **Aanlynvraestel**

Nadat afdeling A van die aanlynvraestel se vrae voltooi is, sal jou uitslae dadelik gesien kan word. Onthou dat as jy eers [*Submit All and finish*] gekies het, jy nie weer na jou vraestel terug kan gaan om enige veranderinge te maak nie. Jou uitslae sal dan op die skerm verskyn. Jy kry dan geleentheid om deur al die vrae te gaan en te sien wat die korrekte antwoorde is. By elke vraag word ook aangedui of die vraag korrek beantwoord is of nie. Soos jy vrae voltooi, word elke vraag gestoor. As daar dus 'n kragonderbreking is, sal al die vrae wat jy alreeds voltooi het, gestoor wees. Die volgorde van die vrae en antwoorde-keuses van elke individu word geskommel. Let ook op die tydsbeperking. Op die skerm word daar deurgaans aangedui hoeveel tyd jy oor het.

### **Afdeling B bestaan uit 4 besprekingsvrae**

Afdeling B is besprekingsvrae wat **nie vir punte tel nie**. Hierdie is vrae waar daar van die verkenner verwag word om opinies te gee en te redeneer oor aktuele sake. Tydens die PV-kamp sal dit bespreek word.

### **Ontleding van die vraestel**

Die vraestel word so opgestel dat 'n verskeidenheid vrae (van maklik tot moeilik) gebruik word om kennis te toets.

<b>Persentasie</b>	<b>Tipe kennis</b>
<b>60%</b>	Hierdie tipe vrae roep kennis wat in die verkenner se langtermyn geheue gestoor is op. Dit is bloot 'n weergee van feite.
<b>15%</b>	By hierdie vrae word daar van die verkenner verwag om te interpreteer en te vergelyk.
<b>15%</b>	Toepas van kennis wat die verkenner reeds bemeester het. Daar word dus van die verkenner verwag om kennis wat hy reeds opgedoen het te gebruik om vrae (bekend of onbekend) te beantwoord.
<b>10%</b>	Moeilike vrae waar daar van die verkenner verwag word om te ontleed en te evalueer.

## ***Inhoud van die vraestel***

Die volgende inhoud word gevra:

*(Die aantal punte wat die inhoud ongeveer tel, word ook in hakies aangedui.)*

- Algemene kennis[15]: Hierdie afdeling handel hoofsaaklik oor die belangrikste nuusgebeure van 2017. Besoek gerus Maroela Media se webtuiste <https://maroelamedia.co.za/> wat 'n opsomming oor die belangrikste nuusgebeure (Deel 1, Deel 2, Deel 3 en Deel 4) vir 2017 gee.
- Voortrekkerkode, grondslag, wese, simbole, verkennerbelofte, voortrekkerdrag [15]: Die vrae word so opgestel dat verkenners die nuwe of ou Voortrekkerkode kan leer om die vrae wat verband hou met die kode, te beantwoord.
- Voortrekkergeskiedenis [5]
- Samestelling van die Voortrekkers [5]
- Kampe (spankampe) en staptoere [5]
- Sang en Speletjies [5]
- Seremonies en touwerk [5]
- Kaartwerk [5]
- Afrikanergeskiedenis en taal [5]
- Monumente [5]
- Nasionale simbole [5]
- Reël van funksies en vergaderingsprosedures [5]
- Vuurwapens [5]
- Noodhulp [5]
- Politieke en ekonomiese weerbaarheid (vakbonde) [5]
- Fisiese weerbaarheid [5]
- Leierskap [5]
- Geestelike weerbaarheid en selfkennis [5]
- Kultuuroopdrag [5]
- Verhoudings met ander mense [5]

Hou die kommunikasie dop. Die Nasionale Komitee: Verkennersake gaan eersdaags 'n skakel op [www.houkoers.co.za](http://www.houkoers.co.za) skep met die titel Hulpmiddels. Hieronder sal die Verkenner en Verkenneroffisier handige inligting kry wat die Verkennerpad kan vergemaklik.

Sterkte met jul voorbereiding.